**30 Januarie** **Skrifgedeelte: Handelinge 4:1-22**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:12**
**HK, Vraag 30**

## Jesus – die enigste Verlosser!

In die vorige gedeelte is duidelik gestel: Wie in Jesus, ons Verlosser, glo, word volkome verlos – vir nou en ewig. Maar is Jesus werklik die enigste een wat mense kan verlos? Daar is tog talle godsdienste en gode op aarde wat aangehang en aanbid word!

In Handelinge 4 sien ons dat Petrus en Johannes aangekla word, omdat hulle in die naam van Jesus 'n verlamde man gesond gemaak het. Hulle gebruik hierdie geleentheid om Jesus aan die volksleiers te verkondig*: Hý bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee, waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.* Petrus en Johannes weet dat hulle nie in eie persoon hierdie wonderdaad kon verrig het nie. Jesus het dit gedoen – Hy ons enigste verlosser. Al het Jesus intussen opgevaar na die hemel, geskied wonders steeds alleen by die aanroep van sy naam.

Daar is mense wat beweer dat Jesus hulle enigste Verlosser is, maar tog op ander wyses hul verlossing probeer verdien. Ons sien dit by mense wat met geldoffers of 'n vroom lewe en goeie dade vir hul sondes en verlossing wil betaal. Ook in die tradisionele Afrikagodsdienste is daar baie mense wat wel in Jesus glo, maar steeds van hul voorvaders die verlossing verwag.

Ons moet besef: óf Jesus is ons Alles, óf niks! Jesus het self gesê dat niemand twee here kan dien nie!

*Sing: Psalm 32:1* *Dr. NP Heystek (Wapadrant)*